



THE PROVINCE OF TRANSVAAL  
**Official Gazette**

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

**Buitengewone**

**Extraordinary**



**Offisiële Koerant**

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. 219

PRETORIA 17 DECEMBER, 1975  
17 DESEMBER

3791

Administrator's Notice 2107

17 December, 1975

REGULATIONS RELATING TO THE ERECTION, INSTALLATION, CONTROL, USE OR REMOVAL OF ANY AERIAL SYSTEM FOR THE RECEPTION OF SOUND AND TELEVISION BROADCAST TRANSMISSIONS — AMENDMENT OF.

The Administrator, in terms of the provisions of section 164A of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), and sections 16(2) and 41 of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943), hereby amends Administrator's Notice 1956 of 29 October, 1974, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE.

1. There is hereby substituted for the word "AERIAL" or "aerial", wherever it appears, of the word "ANTENNA" or "antenna" respectively.

2. Regulation 1 is hereby amended —

(a) by the substitution for the definition of "local authority" of the following definitions:

"local area committee" means a local area committee as defined in section 1 of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943);

"local authority" means a city council, town council, village council or health committee constituted in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), and includes the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas;

(b) by the substitution for the definition of "premises" of the following definition:

"premises" means —

(a) an erf, lot, plot, stand or other similar subdivision of land within a township established or recognized under any law relating to townships or any other area of land which would have constituted an erf, lot, plot, stand, or other similar subdivision within a township if it had not been exempted from the provisions of any such law;

(b) any portion of farm land within the area of jurisdiction of a local authority or, where the local authority is the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, within the

Administrateurskennisgewing 2107

17 Desember 1975

REGULASIES BETREFFENDE DIE OPRIGTING, INSTALLERING, BEHEER, GEBRUIK OF VERWYDERING VAN ENIGE ANTENNESTELSEL VIR DIE ONTVANGS VAN KLANK- EN TELEVISIERADIO-UITSENDINGS — WYSIGING DAARVAN.

Die Administrateur, ingevolge die bepalings van artikel 164A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), en artikels 16(2) en 41 van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), wysig hierby Administrateurskennisgewing 1956 van 29 Oktober 1974 soos in die Bylae hierby uiteengesit.

BYLAE.

1. Die woord "AERIAL" of "aerial", waar dit ook al in die Engelse teks voorkom, word hierby onderskeidelik deur die woord "ANTENNA" of "antenna" vervang.

2. Regulasie 1 word hierby gewysig —

(a) deur die woordomsrywing van "plaaslike bestuur" deur die volgende woordomsrywings te vervang: "plaaslike bestuur" 'n grootstadsraad, stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee wat ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), ingestel is, en omvat die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede;

"plaaslike gebiedskomitee" 'n plaaslike gebiedskomitee soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943);

(b) deur die woordomsrywing van "perseel" deur die volgende woordomsrywing te vervang:

"perseel" —

(a) 'n erf, lot, plot, standplaas of ander soortgelyke onderverdeling van grond binne 'n dorp wat kräftens enige wet met betrekking tot dorpe gestig of erken word of enige ander stuk grond wat 'n erf, lot, plot, standplaas of ander soortgelyke onderverdeling van grond binne 'n dorp sou uitgemaak het indien dit nie van die bepalings van enige sodanige wet vrygestel was nie;

(b) enige gedeelte van landbougrond binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur of, waar die plaaslike bestuur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede is,

area of jurisdiction of a local area committee; or

- (c) any subdivision, whether surveyed or not or which is only notional in character of land referred to in section 57 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965),

and includes any dwelling-house or other building thereon: Provided that where any such dwelling-house or building extends over more than one such subdivision, such subdivisions shall, for the purposes of these Regulations, be deemed to be one subdivision;"; and

- (c) by the substitution for the definition of "the Specification" of the following definitions:

"the Specification" means the Specification of the Central Standardization Committee, CKS 387-1973, for Television HF Wired Distribution Systems (Metric Units), published by the South African Bureau of Standards;

'Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas' means the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas established in terms of the provisions of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943);".

3. Regulation 2(1) is hereby amended by the substitution for the Afrikaans text of the proviso thereto, of the following proviso:

"Met dien verstande dat ten opsigte van 'n enkele antennestelsel geen sodanige goedkeuring nodig is nie waar die mas van sodanige antennestelsel op 'n gebou op sodanige perseel opgerig word en sodanige mas nie meer as 3 m bokant die hoogste punt van sodanige gebou uitsteek nie."

4. Regulation 3 is hereby amended by —

- (a) the substitution for paragraph (b) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(b) more than one antenna system on any premises: Provided that if there is more than one separate building, excluding an outbuilding, on a premises, the local authority may subject to such conditions as it may deem fit to impose, allow more than one antenna system taking into consideration the amenities of the neighbourhood, aesthetic appearance and the installation and erection cost of such antenna system; or";

- (b) the substitution in subregulation (2) for the expression "subregulations (3) and (4)" of the expression "subregulations (3), (4) and (5)";

- (c) the insertion after subregulation (4) of the following subregulation:

"(5) Notwithstanding anything to the contrary herein contained, a person may erect, instal or use a single antenna system on any premises if such antenna system is so installed as to be entirely contained inside a building."

5. Regulation 4 is hereby amended by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

binne die regsgebied van 'n plaaslike gebiedskomitee; of

- (c) enige onderverdeling van grond, soos in artikel 57 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), genoem, ongeag of sodanige onderverdeling opgemeet is 'al dan nie of slegs denkbeeldig van aard is,

en sluit enige woonhuis of ander gebou daarop in: Met dien verstande dat waar sodanige woonhuis of gebou oor meer as een sodanige onderverdeling strek, sodanige onderverdeling vir die toepassing van hierdie Regulasies as een onderverdeling geag word;"; en

- (c) deur na die woordomskrywing van "plaaslike gebiedskomitee" die volgende woordomskrywing in te voeg:

"Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede' die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede wat ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), gestig is."

3. Regulasie 2(1) word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling daarby deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

"Met dien verstande dat ten opsigte van 'n enkele antennestelsel geen sodanige goedkeuring nodig is nie waar die mas van sodanige antennestelsel op 'n gebou op sodanige perseel opgerig word en sodanige mas nie meer as 3 m bokant die hoogste punt van sodanige gebou uitsteek nie."

4. Regulasie 3 word hierby gewysig —

- (a) deur paragraaf (b) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) meer as een antennestelsel op enige perseel oprig, installeer of gebruik nie: Met dien verstande dat waar daar meer as een afsonderlike gebou op enige perseel is, uitgesonderd 'n buitegebou, die plaaslike bestuur, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die betrokke plaaslike bestuur na goeddunke kan stel, meer as een antennestelsel kan toelaat met inagneming van die aantreklikheid van die buurt, estetiese voorkoms en die koste verbonde aan die oprigting en installering van sodanige antennestelsel;";

- (b) deur in subregulasie (2) die uitdrukking "subregulasies (3) en (4)" deur die uitdrukking "subregulasies (3), (4) en (5)" te vervang;

- (c) deur na subregulasie (4) die volgende subregulasie in te voeg:

"(5) Ondanks andersluidende bepalings hierin vervat, kan iemand 'n enkele antennestelsel oprig, installeer of gebruik op enige perseel indien sodanige antennestelsel op so 'n wyse installeer is dat dit geheel en al binne 'n gebou is."

5. Regulasie 4 word hierby gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(1) Within 14 days after the completion of the erection or installation of any antenna system on any premises, the person responsible for the erection or installation of such system shall by registered or certified post furnish the local authority concerned and the applicant referred to in regulation 2 or, if there is no such applicant, to the owner or occupier of such premises, with a safety warranty and such other information as is set out in the form contained in Schedule B to these Regulations.”.

6. Schedule B is hereby amended by the deletion of the words appearing in brackets at the commencement thereof, namely —

“(FORM TO BE COMPLETED IN DUPLICATE)”.

PB. 3-19

“(1) Binne 14 dae na die voltooiing van die oprigting of installering van enige antennestelsel op enige perseel, moet die persoon wat vir die oprigting of installering van sodanige stelsel verantwoordelik is per aange tekende of gesertifiseerde pos aan die betrokke plaaslike bestuur en die aansoeker in regulasie 2 genoem of, indien daar geen sodanige aansoeker is nie, die eienaar of okkupant van sodanige perseel, ’n veiligheidswaarborg en sodanige ander inligting as wat in die vorm vervat in Bylae B by hierdie Regulasies uiteengesit word, verstrekk.”.

6. Bylae B word hierby gewysig deur die woorde tussen hakies aan die begin daarvan te skrap, naamlik —

“(DIE VORM MOET IN TWEEVOUD VOLTOOI WORD)”.

PB. 3-19

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, | Printed for the Transvaal Provincial Administration,  
Pta., deur Hoofstadpers Beperk, Posbus 422, Pretoria. | Pta., by Hoofstadpers Beperk, P.O. Box 422, Pretoria.